
40 Dae tot 'n inniger verhouding met God



Woensdag 14 Februarie tot Sondag 25 Maart 2018



NG Kerk Kathu

Aswoensdag

Tradisioneel vas gelowiges gedurende die Lydenstyd van Jesus. Aswoensdag is die dag waarop die vastyd begin, en dit is altyd 40 dae voor Goeie Vrydag. Die woord **"Aswoensdag" kom nie in die Bybel voor nie.**

Die vastyd is bedoel as 'n tyd waarin mens nadenkend leef en bewus word van sondige aktiwiteite en gewoontes in jou lewe om dit dan agter te laat. Die Bybel bevat talryke **voorbeelde van mense wat stof en as gebruik as 'n simbool van berou en rou** (Gen 18:27; 2 Sam 13:19; Ester 4:1; Job 2:8; Dan 9:3; Matt 11:21). Tradisioneel word die palm-takke wat die vorige jaar tydens Lydenstyd gebruik is, verbrand en die as met olie gemeng. **Met die as-mengsel word dan 'n kruis op die voorkop van mense gesmeer. Dit verwys na die persoon se identifikasie met Jesus. 'n Soortgelyke idee kry ons in Open 7:3; 9:4; 14:1 en 22:4.**

Moet ons as gereformeerde christene Aswoensdag (en die daaropvolgende periode **van vas**) **meer ernstig opneem? Hoewel dit nie 'n Bybelse voorskrif is nie, is dit 'n goeie ding om saam met soveel ander gelowiges oor die hele wêreld en van verskillende denominasies, ons voor God te verootmoedig. As jy gelei word om vir 'n periode van 40 dae jou lewe voor God in oënskou te neem in 'n poging om berouvol te soek na verkeerdhede in jou gesindheid en gedrag, en jou opnuut aan God te wy in groter gehoorsaamheid, is dit die regte ding om te doen. Dit gaan nie om die uitvoering van 'n wet-tiese ritueel nie, maar die nakoming van die ritueel is bedoel om ons harte skoon en naby God te hou.**

Vas verwys daarna dat ons ons van enigiets onthou wat ons gereeld doen om in die plek daarvan meer te fokus op God en ons lewe voor God. Jy kan byvoorbeeld hierdie vas-periode soos volg hanteer: Jy kan besluit om vir die 40 dae nie koffie te drink nie, of nie sjokolade te eet nie, of nie TV-sepies te kyk nie (of enigiets wat jy wil afskaal). Elke keer wanneer jy dan aan koffie, sjokolade of TV dink, draai jou gedagtes daarvan weg en fokus dit op die gesprek in jou binneste met God.

Hierdie materiaal is 'n vertaling en verwerking van 40 Days going deeper with God van die Everyday Church in Londen.

Elke dag se vra-gedeelte is geskoei op die Engelse akroniem ASK wat staan vir **A - ASK, S – Seek** en **K – Knock** (Matt 7:7) en wil daarmee gelowiges aanspoor om dringend te vra en te soek na God se wil in die uitlewing van sy/haar geloof.

Dag 1

Vir gesinne

Help jul kinders om 'n lys te maak van al die dinge wat Jesus tydens sy bediening gedoen het. Stel juisself voor hoe jul buurt, skool en werkplek sal lyk as julle dieselfde dinge deur die werking van die Heilige Gees sou doen. Bid saam daaroor!

Woensdag 14 Februarie

Handelinge 1:1-8 – Deel van die familie

Lukas het beide die evangelie van Lukas en die boek Handeling geskryf. In die evangelie verduidelik hy wat Jesus op aarde gedoen het en in Handeling beskryf hy wat Jesus voortgaan om te doen deur gewone mense wat deur God uitgenooi word om deel van sy familie te wees. Jesus vaar in die middel van hoofstuk 1 op na die hemel, maar dit beteken nie dat Hy ophou om te werk nie. In plaas daarvan word die bediening van Jesus voortgesit deur die lewe van die kerk. Ons moet dit wat Jesus begin het, voortsit – wonderlik, maar waar!

Dit is natuurlik net moontlik deur die wonderbaarlike krag van die Heilige Gees. Dit is waarom dit vir jǒu belangrik is om deel van die familie te word en te ontdek wat dit beteken om Vader-Seun-Heilige Gees-Jy te wees. Jesus belowe dat Hy sy bediening voortsit deur sy volgelinge te deurdrenk, te deurweek en hulle vol te maak met die derde lid van die Drie-**Eenheid. Hy belowe vir hulle méér as bloot 'n eenmalige** ervaring. Hy belowe: Om met die Heilige Gees die pad te stap **sal 'n daaglikse en dus aaneenlopende ervaring wees.**

Is dit jou droom om, soos wat ons hierdie reis van 40 dae **begin, 'n inniger verhouding met God** te kry? Kom ons maak dan seker dat ons elke dag vra om opnuut vervul te word met **die Heilige Gees en kom ons maak seker dat ons 'n vennootskap met Hom** sluit soos wat Hy ons die krag gee om getuies vir Jesus te wees. Kom ons verwag dat Hy ons gaan gebruik in die voortdurende uitbreiding van sy koninkryk.

VRA (ASK)

1. Vra Jesus om jou nou dadelik met sy Gees te vul.
2. Bid dat God ook jou vriende, familie en hulle in jou Bybelstudiegroep sal vul met sy Heilige Gees deur hierdie 40 **dae van 'n inniger verhouding met God.**
3. Bid dat NG Kerk Kathu toenemend meer Geesvervuld sal **word en dat ander sal weet Jesus is 'n werklikheid** deur dit wat hulle in ons sien.

Dag 2

Vir gesinne

Laat jul kinders dink aan die grootste "oorwinnings" van hul lewe. Sluit sportwedstryde, speltoetse en enigiets anders in. Help hulle om in te sien dat al hierdie oorwinnings tydelik is. Daar is nog wedstryde om te wen en speltoetse om deur te kom, maar Jesus se oorwinning is ewigdurend. Aanbid Hom saam!

Donderdag 15 Februarie

Handelinge 1:9-11 – Kyk rondom jou en kyk op

Dit moes 'n wonderlike oomblik gewees het om te sien hoe Jesus weggevoer word van die aarde en opvaar na die hemel en deur die wolke omring word. In die Ou Testament word God se teenwoordigheid dikwels **gesimboliseer deur 'n wolk, so die** eerste dissipels sou verstaan dat die wolke beteken dat Jesus nou teruggekeer het na sy Vader in die hemel. Hulle sou onthou dat **God die Israëliete deur die wildernis gelei het met 'n wolk, en dat toe die tempel voltooi is, dit gevul is met 'n wolk dat** selfs die priesters nie kon ingaan nie. En dat die drie **dissipels 'n wolk sien neerdaal het op die berg van verheerliking.** Dit het elke keer beteken dat God teenwoordig is.

Dit is glad nie verbasend dat hulle gestaan en kyk het na die hemelruim nie. Hulle was vasgevang deur die betekenis van dit wat hulle gesien het. Maar nogtans moes die twee engele hulle herinner dat hulle iets moes doen.

Christene kan soms so vasgevang word in hul ervarings met God, dat hulle vergeet van die dringendheid om mense te vertel van Hom. Ons word nie net geroep om te wag vir Jesus se terugkoms nie, maar om vir daardie dag voor te berei. Mense van elke nasie, volk en taal moet deel wees van die verwelkomingspartytjie wanneer Hy terugkeer en ons word geroep om hulle te bearbei! Laat ons nie net opkyk nie, maar ook rondom ons kyk.

VRA (ASK)

1. Bid vir die mense wat jy vandag sal teëkom, wat nie vir Jesus ken as hul Verlosser en Saligmaker nie, dat jy sal rondkyk en hulle sal raaksien.
2. **Die hemelvaart van Jesus is 'n uitdrukking van sy oorwinning oor sonde, dood en die bese.** Kyk rondom jou en vra dat Jesus se oorwinning vandag sigbaar sal wees in jou lewe.
3. Bid vir die lidmate van NG Kerk Kathu om die oorwinning van Jesus te verkondig deur die manier hoe ons aanbid wanneer ons byeenkom en die manier wat ons lewe wanneer ons nie bymekaar is nie.

Dag 3

Vir gesinne

Vra julle kinders om vir julle te sê wat die naam van hul gunstelingboek is. Vra vir hulle hoeveel anders dit sou voel as die skrywer vir hulle die boek kon voorlees en hulle vir hom/haar vrae kon vra terwyl hulle lees. Help hulle om hulle dit te verbeeld en herinner hulle dan dit waar is van die Bybel. Die Heilige Gees is nou by julle.

Vrydag 16 Februarie

Handelinge 1:12-26 – Die Heilige Gees het gepraat

Deur die boek van Handelinge kry ons insig in die werk van die Heilige Gees. Ons lees reeds in die eerste helfte van hierdie hoofstuk van die belofte van die Heilige Gees om die dissipels te bemagtig om getuies te wees. Ons gaan in die volgende hoofstuk lees van die vervulling van daardie **belofte, maar in vandag se gedeelte kry ons 'n blik op 'n ander aspek van die Gees se werk.**

Die eerste dissipels was verbyster deur Judas, een van die twaalf, se verraad teenoor Jesus. Petrus het uiteindelik besef dat net soos met Jesus se dood, hierdie verraad honderde jare tevore voorspel is in die Ou Testament. Hoewel dit deur mense geskryf is, was dit moontlik, aangesien die woorde van die Heilige Gees in die Skrif opgeteken is (vers 16-17).

Die Bybel is nie net 'n menslike boek nie. Dit is 'n wonderwerk. Die Heilige Gees het die skrywers geïnspireer om te skryf wat God wou hê. In party kerke staan almal wanneer **die Bybel gelees word. Dit is 'n teken van respek, 'n simbool dat hulle as God se diensknegte wag om te hoor wat God se Woord sê en dit dan te gehoorsaam.**

Lees vandag se teksgedeelte en vra dan die Heilige Gees om vir jou duidelik te wys wat Hy vandag vir jou wil sê.

VRA (ASK)

1. Laat vers 20-22 jou inspireer om te bid dat baie meer leiers na vore sal tree in NG Kerk Kathu. Wees spesifiek oor bedieningsareas.
2. Laat die stylvolle manier hoe Barsabbas dit hanteer het om oorgesien te word as leier, jou inspireer om te bid vir **so 'n Christelike karakter.**
3. Vra vir God om kragtig met ons as kerk te praat elke keer wanneer ons bymekaar is en luister na die prediking van die Skrif.

Dag 4

Vir gesinne

Slaan 'n paar verse oor tot by vers 16-21 en lees dit saam. Vra vir jul kinders wat hulle dink "seuns en dogters" en "jongmense en oumense" in Joël 2:28 se profesie beteken. Help hulle om te verstaan dat hierdie belofte ook vir hulle bedoel is en nie net vir volwassenes nie. Bid dan saam.

Saterdag 17 Februarie

Handelinge 2:1-13 – Die Heilige Gees kragtig na vore

Vir honderde jare het God se mense gewag vir die koms van die Heilige Gees. Moses het uitgesien na die dag wanneer elke gelowige die Heilige Gees sou ontvang (Numeri 11:29). **Deur Esegïël het God gesê: "Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom" (Esegïël 36:26-27).** Joël het geprofeteer dat God eendag sy Gees op alle mense sou uitstort (Joël 2:28), en Johannes die Doper het aangekondig dat hierdie uitstorting, hierdie doop, sou gebeur deur Jesus.

Die dissipels het nou gewag in Jerusalem vir die beloofde **geskenk om oorhandig te word. Wat 'n verwagting en hulle is nie teleurgestel nie!** Op die dag van Pinkster het die gelowiges **'n ongekende uitstorting van die Heilige Gees beleef.** Hulle lewe sou nooit weer dieselfde wees nie.

Amper soos die vroeë dissipels op Pinkster, is ons almal saam op een plek soos **wat ons die 40 dae van 'n inniger verhouding met God ervaar, selfs as ons op verskillende plekke bymekaar kom op 'n Sondag. Ons is een kerk op baie verskillende plekke** gevul deur een Gees.

VRA (ASK)

1. Bid vir dieselfde Heilige Gees om ons te vervul in hierdie tyd, individueel en as kerk, om ons saam vorentoe te neem.
2. Bid vir al die verskillende bedienings en byeenkomste van NG Kerk Kathu, dat elkeen die Gees se krag en teenwoordigheid sal ken wanneer ons saam is.
3. Bid vir die prediker wat Sondag die Woord bedien.

Dag 5

Vir gesinne

Gee vir elke kind 'n Whisper-sjokolade of albaster en 'n strooitjie. Sê vir hulle dat hulle 'n resies gaan hou om te sien wie kan die hardste blaas om hul albaster die verste oor die vloer te laat rol. Laat hulle **verstaan dat 'n Christen sonder die Gees nie baie ver sal vorder nie.** Bid dan vir mekaar.

Sondag 18 Februarie

Handelinge 2:14-21 – Gesalf vir missionale diens

'n Mens is soms in die versoeking om geesvervuldheid primêr te sien as 'n bron van persoonlike seën. Maar Lukas hou vol deur sy evangelie en Handelinge dat God die dissipels met die Gees vervul het om hulle te bemagtig en om getuies te wees net soos wat Jesus belowe het in Handelinge 1:8.

Het jy 'n prentjie in gedagte wanneer jy dink hoe geesvervuldheid lyk? Een beeld wat regtig die dinamiese aard van vervuldheid aangryp, is die van 'n seilboot. Soos wat die wind die seil druk, word die boot vorentoe aangedryf. Die seil moet voortdurend gevul word met wind, anders gaan die boot stilstaan. Maar as die boot nie aanhou vorentoe gaan nie, sal dit nooit die winde van die diepsee ervaar nie. Dit is ook hoe dit met ons en die Gees werk – ons moet voortdurend vervul word en vorentoe beweeg.

Ons moet nie die missionale impak van geesvervuldheid ignoreer nie. Dit is nie iets wat ons op individuele vlak sal bevoordeel nie. Dit dryf ons vorentoe as kragtige getuies vir die transformerende werk van Jesus. Dink aan hoe Petrus teen die einde van die evangelies was: Ons lees eers van hom wat ontken dat hy die Here ken en hoe hy deur Jesus uitgedaag word oor die opregtheid van sy liefde. Maar hier, nadat hy deur die Gees vervul is, staan hy dapper op en gryp die geleentheid aan om die skare toe te spreek met 'n verduideliking van dit wat God besig is om te doen.

VRA (ASK)

1. Bid vir jouself, dat God jou sal vul met krag om soos die eerste dissipels namens Hom te praat.
2. Bid vir NG Kerk Kathu in geheel, dat die Evangelie uit elkeen van ons sal straal.
3. Bid vir vandag se erediens sodat baie mense gered sal word.

Dag 6

Vir gesinne

Vra vir jou kinders of hulle kan dink **aan 'n keer wat iemand iets vir hulle op 'n baie moeilike manier probeer** verduidelik het en hulle dit nie kon verstaan nie. Help hulle om te dink aan maniere hoe hulle die Goeie Nuus van Jesus aan hul vriende kan **verduidelik op 'n manier wat die** vriende sal help om te verstaan. Bid vir die moed om dit te gaan doen!

Maandag 19 Februarie

Handelinge 2:22-36 – Dit gaan alles net oor Hom

Petrus was gereed en gewillig om op te staan en te verduidelik **wat besig is om te gebeur op 'n manier wat regtig sy gehoor aangegryp het. Aangesien dit 'n sleuteldeel van die** Joodse erfenis was, sou sy mede-Israëliete bekend wees met Dawid en die Psalms waaruit hy aangehaal het.

Dit is belangrik om raak te sien hoe baie Petrus op Jesus fokus – hy verwys na sy menslikheid, sy dood en opstanding, sy verheerliking en sy Godskap. Die Evangelie vervul mense se persoonlike behoeftes, maar uiteindelik is dit die Evangelie van Jesus Christus (Markus 1:1; Romeine 15:19; Galasiërs 1:7). Dit is altyd Jesus-gesentreerd, nie man- of vrou-gesentreerd nie. Hoe sou jy die Evangelie aan iemand verduidelik?

Kan jy in 'n paar sinne van die Jesus-gesentreerde Evangelie se waarhede opsom wat tot die mense met wie jy elke dag teëkom, sal spreek? Jy kan probeer om dit wat Petrus sê in hedendaagse taal om te sit wat maklik is om te verstaan vir mense wat nie kerkmense is nie.

VRA (ASK)

1. Bid vir geleenthede om van hierdie waarhede met mense te deel in die komende week.
2. Bid dat jy persoonlik ook dieper sal groei in jou begrip en waardering van Jesus in hierdie 40 dae.
3. Bid vir hulle wat die Woord bedien by ons gemeente se eredienste, dat hulle dit sal aangryp en Jesus só aan ander sal verkondig dat hulle dit kan verstaan.

Dag 7

Vir gesinne

God het nie jou kinders se geld nodig nie. Hy het ook nie geld van volwassenes nodig nie, maar Hy nooi ons uit om die avontuur van gee te geniet. Vra vir jou kinders waarom hulle dink die vroeë Christene soveel van hulle geld weggee het. Help hulle om te dink waar hulle van hul sakgeld kan gee uit liefde vir God.

Dinsdag 20 Februarie

Handelinge 2:37-47 – Die kerk is gebore

Dit is van tyd tot tyd goed om voorraadopname te neem van **hoe dit met jou gaan en vandag is 'n geleentheid vir 'n persoonlike en gesamentlike geestelike ondersoek.**

Petrus het sy hart uitgepreek en die Heilige Gees het die mense wat geluister het, kragtig oortuig van hul behoefte om te reageer op Petrus se woorde. Sy antwoord op hul **vraag: "Wat moet ons doen, broers?" kan opgesom word as: "Bekeer julle ... word gedoop ... word gevul met die Heilige Gees". Toe het hy verduidelik hoe hierdie radikale nuwe geboorte sou lei na 'n radikale nuwe leefstyl wat totaal anders is van die "korrupte generasie"** tussen wie hulle geleef het. **Neem 'n paar oomblikke om te reflekteer oor jou eie lewe in die lig van hierdie opdragte.**

Verse 42-47 gee vir ons 'n goeie blik van die soort kerk wat God wil hê. Dink aan die karaktereenskappe wat genoem word – lering, gemeenskap, die breek van brood, gebed, tekens en wonders, voorsiening vir hulle wat in nood is, lofprijsing, die guns van buitelanders, en om te sien hoe mense daaglik gered word. Smag jy nie ook daarna dat Kathu, die Noord-Kaap en Suid-Afrika gevul moet word met kerke soos dit nie?

VRA (ASK)

1. Dank God eerstens vir die karaktereenskappe wat ons reeds ervaar binne NG Kerk Kathu. Neem tyd hiermee – ons moet dit nie as vanselfsprekend aanvaar nie.
2. Ons bid nou dat God ons sal laat groei in daardie areas wat groei nodig het.
3. **Bid dat God 'n gees van groot vrygewigheid in ons sal plaas.**
4. In ons gemeente doop ons gereeld babas. Bid vir elke baba, dat hy/sy God sal leer ken soos hulle groter word, en dat hulle Hom sal dien.